



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2008

**AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II
(SKRYFVRAESTEL – LU3 en LU4)**

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die bepunting van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

AFDELING A DRAMA**VRAAG 1.1**

Die kandidaat moet die verskillende woorde in 'n kort opstel uiteensit.

Die kandidaat se interpretasie van die letterlike en figuurlike betekenis van die vetgedrukte woorde in die teks behoort in 'n meerdere mate aan te sluit by die onderstaande interpretasievoorstelle:

- droog: (lett.) Die droogte wat op die plaas voortduur.
 (fig.) Die gebrek aan voorspoed in die handhawing van hulle lewenswyse soos Pa-hulle/ die voorgeslagte dit skynbaar vroeër jare moeiteloos kon doen.
Geestlike droogte; liefdeloosheid en afsondering en onvrugbaarheid.

Die droogte word ook as 'straf' vir vroeëre oortredings (deur die nageslag) gesuggereer.

- water: (lett.) Dis boorgat-/ putwater wat uitkoms moet gee in die droogtetyd.
 (fig.) Vanuit die Christelike perspektief, wat tradisioneel met die Afrikanervolk geassosieer word, sinspeel hierdie woord op die idee van lewenswater wat tot hulle redding moet kom. Ironies genoeg lê hierdie lewenswater/ bron van verlossing vir die nuwe geslag ondergronds (in die stereotipe 'domein van die bose').
Figuurlike water = ouerlike invloed wat hulle laat 'lewe'.

Daar is 'n suggestie van ondergraving van die tradisionele geloof en slinksheid – 'n wending na die nie-tradisionele waardestelsel – ten einde te kan oorleef.

- onder die grond: (lett.) Dit verwys na die ligging van water wat deur beproefde fisiese prosesse opgespoor, raakgeboor en uitgepomp kan word ten einde suksesvol te kan boer en te kan lewe.
 (fig.) Dit sinspeel op die ligging van die invloedbron in die kinders se lewe.
Dié bron is verskuil en die suggestie is dat hierdie geheimsinnige plek vol euwel is. Dit kan ook net deur iemand wat spesiale psigiese vermoëns het, toeganklik gemaak word.
- ons werk: (lett.) Hulle selfopgelegde lewenstaak: om op die plaas aan te gaan met 'boer' – soos Pa-hulle. Op hierdie wyse sal hulle die beproefde waardes van die voorgeslagte voortsit. Grawe na water.
 (fig.) Dit verwys na hulle pogings om self hulle lot te verbeter. Op die oog af is die put-grawery 'n tipiese manier om na uitkoms in droogtetyd te soek. Maar die tyd en plek waar hierdie werk nou geskied, gee dit 'n negatiewe konnotasie. Daar is ook nie vanuit die gemeenskap begrip of ondersteuning vir die jongmense se eiesoortige planne (hulle werkswyse) om die plaas en hulle gekose lewenswyse te behou nie. Ondergrawe gesag en tradisies.

- skande: (lett.) Dis die sosiale klad op die familie se naam oor die agteruitgang wat hulle op die plaas aan die gang gesit het, asook die kinders se (bloedskandelike?) gedrag wat aan die breër gemeenskap bekend kon geword het. Die morele verval van die mense word hierdeur uitgelig. Soekie en Frikkie se bloedskande.
- (fig.) Die woord herinner aan Ma se teregwydings aan, veral, Soekie oor wat aanvaarbare gedrag is, en die verwagtinge van die gemeenskap oor wat op die plaas en in die huis moet gebeur. Stereotipe etikettering van Afrikaner as agterlik/ hardkoppig.

Gebruik vervolgens die gegewe assesseringstabel vir die mini-essay om die kandidaat se skryfwerk as geheel te bepunt.

30 punte

VRAAG 1.2

Die kandidaat moet duidelik standpunt **teen** die meeste van die gegewe kommentaar se stellings inneem.

Die kandidaat moet basies in sy/ haar opstel die vetgedrukte gedeeltes in die onderstaande stellings weêrlê (of steun) deur dit toepaslik vanuit die teks – óf vanuit sy/ haar eie kennis van die drama – met aanhalings of addisionele inligting te herinterpreteer. Voorstelle vir moontlike weerleggings word vervolgens onderaan elke stelling gegee:

- **Die erfenis van jong Afrikaners word deur die inmenging van oudmodiese mense vernietig.**
 - Hulle vernietig hulle erfenis letterlik self deur die verkwanseling en verwaarlosing van die eiendom.
 - Die kinders (nageslag) volg nie die raad van ouer, oudmodiese mense (soos Ma) nie en daarom het hulle geen emosionele of materiële sekerheid nie.
 - Die inmenging van ouer mense – soos hulle tante en die prokureur, Grové – is juis nodig om hulle te help om hulle erfenis te behou.
 - Oudmodiese mense soos Alina, het geen invloed of antwoorde op die jonger geslag se optrede nie. Hulle volg hulle eie koppe tot hulle eie nadeel.
- **Die jongmense wil die negatiewe invloede in hulle lewens oorkom deur vas te hou aan hulle ouers se opvoeding.**
 - Die kinders rebelleer van kleintyd af teen die opvoedingsmetodes en morele waardes wat Ma en Pa aan hulle probeer oordra.
 - Soekie en Frikkie wil van Ma-hulle se invloed in hulle lewens ontslae raak en vermoor hierom uit wraak die oumense voordat hulle die veragtelike dade onder die vloerplanke probeer wegsteek.
 - Die moorde bring nie – soos hulle hulself probeer wysmaak – 'n einde aan die ontmenslikende, patriargale geweldskultuur in die gesin nie, aangesien hulle rolspel en optrede (Grové se moord) hierdie sake knaend ophaal en tot uiting bring.

- **Die kinders se selfgesentreerde aksies lyk duister, maar eintlik worstel hulle met die bose.**
 - Die kinders se (bloedskandelike) verhouding is die finale produk van hulle laertrekmentaliteit. Dit voorspel simbolies die einde van hulle 'gesonde' bloedlyn.
 - Die kinders se handeling en daaglikse bedrywighede is net ingestel op die bevrediging van hulle eie behoeftes. Hulle probeer hulle nagtelike en duistere handeling vir die buitewêreld wegsteek sodat hulle nie gestop kan word nie. Dis hoekom die moord op Grové hulle enigste opsie is om nuuskieriges op hulle plek te sit.
 - Die kinders besef dat hulle optrede, bv. saam in 'n bed of die moorde op hulle ouers verkeerd en boos is en sekere gevolge inhou, maar probeer dit vergeet, bv. deur hulle 'speletjies' of met Alina se gesus. Hulle vind dit makliker om voort te gaan met hierdie daade eerder as om hulle skuld te erken.
- **Hulle bereik die goeie in die lewe al word hulle oppad daarheen vuil gesmeer.**
 - Die aard van hulle optrede en denke asook die voorkoms van hulle blyplek, toon aan die gehoor dat hierdie kinders nie die gewone paadjie na onafhanklikheid en volwassenheid loop nie. Die aanvaarde goeie waardes van die breër gemeenskap sal daarom nie in hulle handeling gesien word nie.
 - Die 'vuil' dinge waarmee hulle hulself letterlik en figuurlik ophou, het 'n negatiewe invloed op hulle bestaan. Om hierdie rede gaan hulle waarskynlik nie die gelukkige einde, waarna hulle op soek is, beleef nie.
- **Die dramaturg, Reza de Wet, sê uiteindelik dat die Afrikaners se tradisies en waardes korrup is.**
 - Die drama lewer kommentaar oor die gebreke in die Afrikanernasie se manier van opvoeding waarin ouers kinders op 'n outokrate manier met geweld dwing om sekere dinge te doen.
 - Die een reaksie op hierdie tipe waarde-oordrag is rebelsheid en tragedie (die uiteinde van die fokus op geweldspleging).
 - Die kinders toon ook die ander gevolg van hierdie manier van opvoeding: hulle volg hulle eie koppe, sonder om die gevolge ten volle te besef of alternatiewe te oorweeg.
 - De Wet wil aandui dat die ou manier van dinge doen, nie meer geldig is nie, maar dat die nuwe manier ook na nêrens lei. Om hierdie rede is die Afrikaner se lewenswaardes korrup en uit 'n vergane tyd.

Gebruik vervolgens die assesseringstabel vir die mini-essay op bladsy 8 om die kandidaat se skryfwerk te bepunt.

30 punte

VRAAG 2.1

Die kandidaat moet telkens Pa en Seun se sienings van die betrokke sleutelwoord uiteensit. Pa se siening verteenwoordig dan ook die ouer geslag se siening terwyl Seun die rebellering van die jonger geslag laat duidelik word:

Die kandidaat se interpretasie behoort in 'n meerdere of mindere mate aan te sluit by die onderstaande interpretasievoorstelle:

- **liefde:** Tradisioneel verwys die woord na 'n bemoedigende vertrouensverhouding tussen twee persone (soos 'n ouer en 'n kind).
Dit verwys na Ma se onvoorwaardelike steun aan Seun en Pa se voorskriftelike houding teenoor sy kind.
Vir Seun is dit die versmorende effek wat ervaar word omdat Pa te veel beperkings wil instel ten einde hom in sy beeld te laat grootword.
Vir Pa is liefde die moeitevolle vormingsproses om sy seun tot ander insigte te bring oor wat hy behoort te doen, eerder as wat hy wil doen. Dit maak ook nie vir hom saak of hy geweld of leuens moet gebruik om sy doel te bereik nie.
Om hierdie rede assosieer Seun 'liefde' met afsku, valsheid en bedrog.
- **verloor:** Dié woord verwys gewoonlik na 'n persoon se onvermoë om te wen of om sy wil te laat geld.
Vir Pa is dit die gevoel wat hy ervaar wanneer hy teengegaan word OF as sy planne vir Seun nie uitwerk nie. Hy sien Ma en Seun se planne as 'n gekonkel agter sy rug.
Vir Seun is verloor sinoniem met 'n verkryging van die waarheid (soos sy afkoms) of iets wat letterlik of figuurlik verlore geraak het (sy tande wat die simbool van sy jeug is).
- **steeksheid:** Dis dwarstrekkerigheid/ onwilligheid om iets te doen.
Dit verwys na Seun se rebellering teen Pa se gesag en hulle konflikterende verhouding.
Vir Pa is dit ook wanneer Seun meer in Ma se voetspore volg as in syne. Dit sinspeel met ander woorde op Ma se ondermynende invloed op Seun ten koste van Pa se idees oor sy kind se lewe. Pa sien dit eerder as verraad.
- **toekoms:** Dis die blinde lojaliteit van 'n kind teenoor sy ouer. Dieselfde lojaliteit word ook deur Pa van Seun verwag. (Pa verwag byvoorbeeld van Seun om, soos hy, eers die belange van die gesin en sy ouers na te jaag voordat hy sy eie kop kan volg en sy eie behoeftes kan uitleef.)
Pa se 'toekoms' is beperkend en seker van aard, terwyl Seun eerder 'n onsekere, bevrydende toekoms volgens sy eie keuse wil najaag.
Seun sien sy toekoms as die teenoorgestelde van Pa se drome (en opvoeding) vir hom. Hy bemoei hom daarom **doelbewus** met daardie dinge waarteen Pa hom gewaarsku het én waarvandaan hy hom weggehou het.
- **my seun:** Die frase verwys enersyds na 'n biologiese band/ afstamming vanaf Pa.
Hiervolgens sal Seun 'n genetiese ewebeeld van Pa moes wees.

Aan die ander kant verwys hierdie frase na die liefdesband wat bestaan tussen Pa en sy aangenome seun. Hierdie band oorkom biologiese bande. Op hierdie manier sal Seun emosioneel en sosio-kultureel word soos Pa dit wil hê.
'Boesman' = vertederingswoord

Seun ken die waarheid oor sy herkoms en juis daarom rebelleer hy teen. Pa se pogings om bogenoemde verhoudings te probeer voorgee of te probeer vestig. Hy wil met ander woorde nie die leuen oor sy verwantskap probeer voorgee nie. Aan die einde kan hy egter ook nie daarvan wegkom nie.

Gebruik vervolgens die assesseringstabel vir die mini-essay op bladsy 8 om die kandidaat se skryfwerk in geheel te bepunt.

30 punte

VRAAG 2.2

Die kandidaat moet basies in sy/ haar opstel die onderskeie stellings weerlê (en waar nodig sekere dele bevestig) deur dit toepaslik vanuit die teks – óf vanuit sy/ haar eie kennis van die drama – met aanhalings of addisionele inligting te herinterpreteer.

- **In *Boesman, my seun* is dit duidelik aan die gehoor dat Pa nog altyd sy bedorwe seun wou help, maar dat sy hardkoppige seun hom net stank vir dank gee.**
 - Pa het, soos enige ouer, verwagtinge vir sy kind gehad en dienooreenkomstig (namens Seun) gedroom, beplan en druk toegepas. In die patriargale opset van vroeër (in die staatsbestel en in die stereotipe Afrikanergesin) is sulke optrede as die aanvaarde norm gesien. Seun het egter nie hierdie voorsêery en inmenging waardeer nie.
 - Seun se hardkoppigheid is die gevolg van sy teleurstelling dat Pa en Ma hom nie genoeg vertrou het om hom in te lig oor sy aanneming nie. Hy het daarom doelbewus probeer om hulle teleur te stel aangesien dit pertinent sy andersheid van hulle sou bevestig het. Op hierdie manier kon hy iets van sy eie identiteit vestig.
- **Ma se liefde vir Pa en Seun is die samebindende krag in hierdie gesin. Sy is selfs na haar dood die rede waarom hierdie twee mense vir mekaar omgee.**
 - Seun se aanneming vorm aanvanklik die samebindende element in Pa en Ma se kinderlose verhouding. Soos wat Seun egter ouer word, neem sy weerstand jeens sy ouers toe omdat hulle leuens oor sy herkoms net meer aangedik word. Hierdie verloop van sake herinner sterk aan die verloop van die politiek waar die waarheid doelbewus deur 'n broederbond van die jonger geslag weggehou of verdraai is.
 - Ma probeer die uiteenlopende geaardhede van Pa en Seun omseil deur op haar manier lojaal en liefdevol teenoor elkeen van die mans in haar lewe te bly. Sy doen dit omdat dit in die denkwyse deels van haar verwag word en deels omdat sy dit wil doen aangesien sy besef dat dit die weg tot versoening en wedersydse begrip is. Hiervoor is sy bereid om 'slagoffer' of die geblameerde een in die huwelik te wees.
 - Ma se laaste opdrag rakende Seun se melktande is die finale, suksesvolle poging van haar kant af om die breuk tussen Pa en Seun te herstel.

- **Pa is in werklikheid baie liberaal in sy idees oor hoe Seun groter vryheid kan kry. Seun wil Pa vanweë sy onkunde doelbewus ondermyn.**
 - Pa is baie konserwatief en perk Seun met sy bekrompe opvattinge in. Hy gun Seun geen kans om sy eie kop te volg nie. Die dwinglandy boemerang egter wanneer Seun sy vryheid opeis deur Pa fisies op sy plek te sit, van die huis af weg te bly, deur die strate van stede te swerf, aan 'n Engelstalige universiteit te studeer, met 'n Engelse vrou te trou én van haar te skei. Dit doen hy om sy eie keuses uit te voer en om uit te vind of Pa nie ook oor hierdie sake vir hom gelieg het nie.
 - Pa was die jong Seun se held, totdat hy hom in 'n vuisgeveg op sy plek gesit het. Van toe af was Pa 'n swakkeling wat nie kon kers vashou by die jonger geslag nie.

- **Die probleem is dat Seun sy pa nog altyd as 'n swakkeling gesien het.**
 - Toe Seun klein was en nie die waarheid oor sy herkoms geken het nie, was Pa (soos met enige seun die geval is) Seun se held en 'god'. Vir Seun maak dit ook aanvanklik nie saak dat Pa sy wil op hom afdwing en hom emosioneel manipuleer nie.
 - Dinge verander egter wanneer Seun die waarheid oor sy herkoms leer. Hy sien Pa se onwilligheid om oor hierdie saak te praat as 'n swakheid. Dan maak Seun se heldeverering plek vir sinisme. Die konflik in die gesin neem toe omdat Seun 'n subversiewe 'oorlog' voer teen alles wat deur Pa voorgestaan word. Die kulminasie van die konflik is die vuisgeveg waartydens Seun die god in sy lewe op sy knieë dwing en verneder. Sy stil kuiertjies aan Ma is 'n voortsetting van die ondermyning van Pa se invloed tot hy hom na Ma se dood tromp-op loop vir die finale konfrontasie.

- **Die biologiese band tussen Pa en Seun is die bepalende voorwaarde vir hulle gelukkige verhouding.**
 - Die biologiese band tussen ouer en kind is nie die bepalende voorwaarde vir 'n sinvolle en gelukkige ouer-kind-verhouding nie. Seun is immers 'n aangenome kind en Pa verklap niks hiervan in hoe hy Seun behandel nie.
 - Seun se ongelukkigheid vloei voort uit sy verlies aan vertroue in Pa se eerlikheid en die doel agter Seun se opvoeding. Pa tree teenoor hom op onwetend dat Seun die ware toedrag van sake oor sy herkoms ken.
 - Eers wanneer Pa gekonfronteer word met Seun se kennis oor die 'geheime dinge' toon Pa begrip vir sy seun se woede. Dan is hy bereid om die band tussen hulle te versterk deur die strydbyl (en die verwyte) te begrawe.

Gebruik vervolgens die assesseringstabel vir die mini-essay op bladsy 8 om die kandidaat se skryfwerk te bepunt.

30 punte


Assesseringsrubriek vir 'n mini-essay/ kort opstel								
S T Y L e n T A A L	30	I N H O U D						
		Al die woorde/ stellings is korrek bespreek		Meer as die helfte van die woorde/ stelling is korrek bespreek		Minder as die helfte van die woorde/ stellings is reg bespreek		Twee of minder woorde/ stellings is korrek bespreek
		Uitmun- tend	Verdien- stelik	Bevredig- end	Voldoen- de	Gemiddeld	Elementêr	Ontoer- ikend
Baie goeie, volwasse styl. Puik formulering en baie logiese uiteensetting.	Uitmun- tend	30	28	25	22	19	17	14
	Verdien- stelik	29	27	23	20	18	15	12
Goeie styl. Formulering plek- plek lomp. Uiteensetting het haakplekke.	Bevredig- end	26	24	21	19	16	13	10
	Voldoen- de	25	22	19	17	14	11	9
Oorbekende styl. Taal is nie altyd korrek nie. Argumente is vol leemtes.	Gemiddeld	23	20	18	15	12	10	7
	Elementêr	21	19	16	14	10	8	5
Opstel te kort: sake word net opgenoem Redenasie is verwarrend.	Ontoer- ikend	19	17	14	11	9	6	3

AFDELING A PROSA

Detail wat vaag is = ½ punt

VRAAG 3

DEEL A INTERPRETASIEVOORSTELLE



[10]

EN

Fokus op intensie/ bedoeling vs. interpretasie van handeling

Voor insident en na insident

- halfhartigheid in poging om hom 'op regte pad' te kry
 - kilheid by ouers
 - verdraagsaamheid by hom
- } geen kommunikasie

DEEL B

Gebruik die inskrywings van Deel A (asook ander relevante inligting) om die literêre opstel (500 woorde) te skryf en te motiveer **hoe die sienings en optredes van die karakters 'n kommunikasiegaping veroorsaak.**

Die kandidaat se opstel behoort die volgende strukturelemente in te sluit:

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes (Die inligting van Deel A kan die basis hiervan vorm)
- relevante teksaanhalings/ -verwysings
- 'n formele styl
- 'n samevattende slot

Gebruik vervolgens die gegewe assesseringstabel vir die opstel om die kandidaat se skryfwerk te bepunt [20]

		STYL (40%)							
		Uitmuntend VLAK 7	Verdiensielik VLAK 6	Bevredigend VLAK 5	Voldoende VLAK 4	Gemiddeld VLAK 3	Elementêr VLAK 2	Ontoereikend VLAK 1	
TOTAAL 20		Fokus op sy buitestaanderskap se vestiging, sy verdoeming, sy misverstaan 'n Baie doelgerigte, persoonlike styl in unieke woorde en puik sinsbou. Byna perfek. 'n Baie goeie, relevante styl getoon in gevorderde woord- en sinsbou. Een of twee stylfoute. Goed-onderrigte styl getoon in goeie woorde, sinsbou en register. 'n Hele paar stylfoute. 'n Verwagte styl getoon in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute effens steurend. 'n Baie holruggeryde styl getoon in oorbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute pla baie. Vervelende styl getoon in swak woord- en sinsbou. Te veel stylfoute kom voor. Doellose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper onverstaanbaar.							
INHOUD (STANDPUNT-INNAME) (60%)	Uitmuntend VLAK 7	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewe verteller.	20	18	16	14.5	12.5	11	9
	Verdiensielik VLAK 6	Baie goeie, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	19	16.5	15	13	11.5	10	8
	Bevredigend VLAK 5	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	17.5	15.5	14	12	10	9	7
	Voldoende VLAK 4	'n Swak-gedrilde siening. Toon min eie begrip óf leemtes in gedagtes.	16	14.5	12.5	11	9	7	6
	Gemiddeld VLAK 3	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	15	13	17.5	10	8	6	5
	Elementêr VLAK 2	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	14	12	10	9	7	5	4
	Ontoereikend VLAK 1	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.	12.5	11	9	7	6	4	3


As die slot of inleiding tekort skiet ken ons 'n – in die inhoudkategorie toe.

VRAAG 4

DEEL A INTERPRETASIEVOORSTELLE

Sy polisiewerk veroorsaak post-traumatiese stres in sy lewe.
 Hy probeer hiervan ontvlug deur hom aan drank te vergryp.
 Die alkoholmisbruik veroorsaak 'n bose kringloop van gesinsgeweld
 gevolg deur berou en selfveragting.

Carlos kan nie vir Christine
 beheer soos hy alles en almal
 reguleer nie. Wanneer hy haar
 kind ontvoer om hom te laat
 geld, lei dit tot sy moord. Sy
 dood deur Tiny lei tot wraak
 deur sy broer wat ook die kartel
 se geld terug soek.



[10]

EN

DEEL B

Gebruik die inskrywings van Deel A (asook ander relevante inligting) en skryf 'n literêre opstel (500 woorde) waarin jy verduidelik **hoe die pyn in die karakters se lewens hulle geaardheid verander.**

Maak seker dat jou literêre opstel die volgende struktuurelemente insluit:

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes
- relevante teksaanhalings
- 'n formele styl/ -verwysings
- 'n samevattende slot

Gebruik vervolgens die gegewe assesseringstabel vir die opstel by vraag 3 om die kandidaat se skryfwerk te beoordeel.

[20]

30 punte

VRAAG 5

DEEL A

Kyk na die **voorbeeld van redaksionele kommentaar** wat hieronder gegee word. Identifiseer, aan die hand van die vrae wat oor die skryfstyl gestel word, vyf eienskappe wat tipies van hierdie skryfvorm is. Kyk veral na die skryfegniek in, en die verband tussen die paragrawe. Kies die regte antwoorde uit die gegewe lysie by elke stelling ten einde hierdie vyf eienskappe uit te wys.

- 5.1 duidelik te maak hoe die redakteur oor die saak voel/ neutrale standpunt.
- 5.2 teenstellende sienings oor die onderwerp in te sluit.
- 5.3 sarkastiese
- 5.4 retoriese vrae
- 5.5 'n ander benadering oor die onderwerp wil bevorder.

[5]

DEEL B

Gebruik meegaande tabel om die redaksionele kommentaar te assesseer. Let op die styl, register en doel.

		INHOUD (40%)						
		Uitmuntend VLAK 7	Verdiens- telik VLAK 6	Bevredigend VLAK 5	Voldoende VLAK 4	Gemiddeld VLAK 3	Elementêr VLAK 2	Ontoereikend VLAK 1
STYL (60%)	30							
	Uitmuntend VLAK 7	30	27.5	24.5	22	19	16.5	14
	Verdiens- telik VLAK 6	28	25.5	23	20	17.5	14.5	12
	Bevredigend VLAK 5	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10
	Voldoende VLAK 4	24.5	22	19	16.5	14	11	8.5
	Gemiddeld VLAK 3	23	20	17.5	14.5	12	9.5	6.5
	Elementêr VLAK 2	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5
	Ontoereikend VLAK 1	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3

DEEL DIE PUNT UIT 30 DEUR 2 ten einde die punt uit 15 te bereken.

[15]

20 punte

VRAAG 6

Gebruik onderstaande tabel om die skryfwerk te evalueer.

L.W. 'n Loslitstyl én 'n register wat aansluit by die voorbeelde moet gebruik word. Die een resensie moet 'n negatiewe strekking hê, en die ander een moet positief wees. (20)

		INHOUD (40%)						
		Uitmuntend VLAK 7	Verdiensielik VLAK 6	Bevredigend VLAK 5	Voldoende VLAK 4	Gemiddeld VLAK 3	Elementêr VLAK 2	Ontoereikend VLAK 1
STYL (60%)	20							
	Uitmuntend VLAK 7	20	18	16	15	13	11	9
	Verdiensielik VLAK 6	19	17	15	13	12	10	8
	Bevredigend VLAK 5	18	16	14	12	11	9	7
	Voldoende VLAK 4	16	15	13	11	9	7	6
	Gemiddeld VLAK 3	15	13	12	10	8	6	4
	Elementêr VLAK 2	14	12	10	9	7	5	3
	Ontoereikend VLAK 1	13	11	9	7	6	4	2

20 punte

Totaal: 100 punte